TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 4/1/2018 **Datum: 8 Februarie 2018**

Uit die kantoor:

Beheerliggaamverkiesing
Nominasievorms is vanaf 12 Februarie by die kantoor beskikbaar en moet ingehandig word gedurende die week van 22 Februarie tot 6 Maart.

Gr 1 Aansoeke 2019

Die huidige Gr R leerlinge het verlede week aansoekvorms ontvang wat u asb nie later as 16 Februarie by die grootskool se kantoor moet inhandig nie.

Suksesvolle aansoeke word teen einde Junie in kennis gestel en u moet die toelating nie later as 1 Aug bevestig nie.

MOET ASB NIE NET AANVAAR DAT U PLEK HET NIE. Sien punt 6 van die skool se Toelatingsbeleid wat op die webwerf is.

Valentynsdag:
Tjokkies gebruik die dag om ons waarde van **"OMGEE"** te versterk deur die Tjokkies te leer om in liefde na maatjies uit te reik en net weer vir mekaar te sê ons waardeer jou en gee om. Die R5 wat ingesamel word gebruik die leerlingraad om uit te reik na 'n liefdadigheids-instansie van hulle keuse.

Waardes:
Ons fokus die kwartaal op ons waarde van RESPEK . Ons het die week aandag gegee aan **RESPEK vir ander se eiendom.**

BELANGRIKE DATUMS

8 Feb: 0/13 krieketliga as die weer dit toelaat.

9 Feb: Skaaktoernooi. Die betrokke spelers het die nodige kennisgewing gekry.

11 Feb: Fichardtpark Atletiek-byeenkoms by die stadion. Atlete het skrywes ontvang.

12 Feb: Toetsweek 1

0/9 Krieketliga

13 Feb: 0/11 Krieketliga

Veiligheidsvergadering om 17:00 Indien ouers enige saak op die agenda wil plaas, kontak gerus die skool.

14 Feb: Valentynsdag. Die vieringe begin eers na die toetsperiode.

15 Feb: 0/13 Krieketliga

VERJAARSDAE

9 Feb. Juf Odette van Niekerk (RO)

10 Feb: Juf Ursula (Gr 5)

11 Feb: Juf Blanche Botha (Kleuterskool)

SKOOLGELD

Die finansiële komitee wil graag alle ouers wat dit kan bekostig om hulle skoolgeld eenmalig te betaal, bedank. Dit gee ons 'n hupstootjie veral omrede ons Nov 2017 laas 'n inkomste gehad het.

Ouers wat per debietorder betaal, word ook bedank. Dit maak ons admin baie minder en verseker ons van gereelde inkomste.

Baie dankie ook aan ouers wat gereeld en stiptelik per EFT betaal. Ons wys weer daarop dat skoolgelde oor 11 maande gehef word en dat dit voor die 7e van die maand betaalbaar is. Ouers wat eers die 15e salaris ontvang kan met die kantoor 'n reëling maak om voor die 18e te betaal.

VOORTREKKERS

Die Voortrekkers ontvang die volgende vorms:

Huidige lede: Voortsetting van lidmaatskap

Nuwe lede: Inskrywingsvorm L1

Indien jy Voortrekkers gedoen het en nie meer in 2018 wil deelneem aan die aktiwiteit nie, gee jou naam deur aan Juf. Lizette sodat jy van die lys verwyder kan word en nie aanspreeklik gehou kan word vir die ledegeld nie.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

MIDDAGSTUDIE

Baie dankie aan alle ouers wat die vergadering bygewoon het. Ons vertrou dat u kind veilig en gelukkig sal wees. Indien u enige versoek of behoefte het, skakel gerus met die toesighouer of mnr Stefan Smith, dept.-hoof verantwoordelik hiervoor (0762902956)

Ons herinner dat middagstudiegeld (R750 p/kw) vir die eerste kwartaal op 5 Februarie betaalbaar was. Ouers wat skoolgeld per debietorder betaal kan reël om dit saam met die skoolgeld oor 11 maande te betaal.

Anders as skoolplig is Middagstudie 'n opsionele diens wat die beheerliggaam lewer en indien u versuim om daarvoor te betaal, kan u kind geweier word.

VALENTYNSDAG IS OM DIE DRAAI! (Herhaal)

Geskenkies sal verkoop word van 8 tot 13 Febr. Bring 'n geldjie saam en deel in die pret. Roomys, water, koeldrank en "cup cakes" word op 14 Febr deur die leerlingraad verkoop.

0/11 NETBAL

Alle 0/11 dogters begin eerskomende week met fiksheid en vaardigheid. Oefening sal vanaf 15h15 tot 16h00 Maandae en Woensdae by die skool se bane wees. Atlete en swemmers sal verskoon word.

KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee het vanaf Maandag heerlike kaas- en hoenderburgers te koop teen R25. Belangrik: slegs met bestelling - bestel asb vroegtydig.

OMGEE-MAMMAS (Herhaal)

Ons is 'n groepie mammas wat op Donderdae-oggende om 7h30 bymekaarkom in die personeelkamer. Ons bid vir ons skool, personeel, kinders en verwante sake. Me Liezl Hiten, ons jeuwerker nooi alle mammas, ongeag u dinominasie, om hierby in te skakel. Dit duur slegs 'n halfuur en indien u meer wil uitvind, skakel 071 890 5567.

SNUFFELS

Middagstudie

Is jy op soek na 'n omgee en ondersteunende middag-studiegroep? Om probleem-leerareas te adreseer word daar ekstra oefening aan u kind gegee. Ons is geleë in Universitas. Vir meer inligting kontak Catherine by: 0835616135

MEDIESE SKEMA DEKKING:

KONTAK NOLENE JACOBS VIR:

#Behoefte Bepaling (MEDIESE SKEMAS Studente opsies Netwerk opsies Hospitaalplanne Omvattendedekking)
#Mediese fonds Vergelykings
#Advies
#ADDISIONELE PRODUKTE Mediese & Tandheelkundige versekering
#GAPINGSDEKKING
Sel: 082 662 8282 Epos: nolenejacobs73@gmail.com

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com